higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

20 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 bylae.

NCV

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Julian Rotter het die teorie van maturasie ('maturation') ontwikkel.

1.1.2 Sosiale leer kan slegs plaasvind binne die gemeenskap waarin die kind lewe.

1.1.3 Self-refleksie is die handeling om oor jou eie gedagtes en gedrag na te dink.

1.1.4 Volgens Howard Gardner is daar vyf meervoudige intelligensies.

1.1.5 Om te volhard beteken om te op te hou wanneer dinge moeilik raak.

1.1.6 Legkaarte, speletjies en raaisels is goeie maniere om kreatiwiteit te stimuleer.

1.1.7 'n Hiërargie is 'n struktuur van vlakke waarin ons dinge orden.

1.1.8 Selfagting is die mening wat jy oor ander mense het.

1.1.9 Negatiewe versterking is om iets aangenaams weg te neem in reaksie op 'n gewenste gedrag.

1.1.10 'n Curriculum vitae staan ook bekend as 'n dekbrief.

(10 × 1) (10)

1.2 Noem, en verduidelik kortliks, die SES stadiums in die probleemoplossingsproses. (6 × 2) (12)

1.3 Identifiseer watter EEN van die probleemoplossingstappe by elk van die stellings hier onder betrokke is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.3.1 Thandi ontvang 'n toelae van R150 per maand. Sy spandeer alles, en het teen die einde van die maand geen geld vir 'n taxi nie.

1.3.2 Thandi het twee opsies: Óf sy werk aan haar begroting vir die maand, óf sy vra haar ouers vir meer geld.

1.3.3 Thandi besluit dat sy R20 aan lugtyd sal spandeer en R70 aan vermaak; sy sal dan genoeg geld vir 'n taxi hê.

1.3.4 Thandi bly by haar begrotingsbesluit, en gebruik die balans van haar toelae vir taxigeld.

1.3.5 Thandi dink hieroor na ('reflects'), en ontdek dat nadat sy minder geld aan lugtyd en vermaak bestee het, sy nou genoeg taxigeld het tot die einde van die maand.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 Thandi bestee elke maand R50 aan lugtyd en R100 aan vermaak. Sy het nooit genoeg vir taxigeld nie.

(6 × 3) (18)
[40]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die spesifieke kennis en vaardighede wat jy nodig het om 'n sekere werk te kan doen.

2.1.2 'n Kort brief wat jou besonderhede bevat, en die rede hoekom jy ander dokumente, soos 'n CV, stuur.

2.1.3 'n Individu met wie 'n potensiële werkgewer in verbinding kan tree om meer uit te vind oor die persoon wat vir die pos aansoek doen.

2.1.4 Die vermoë om met ander mense in die werkplek te kommunikeer, en positiewe verhoudings met kollegas op te bou.

2.1.5 'n Geskrewe opsomming van jou persoonlike besonderhede, opvoedkundige kwalifikasies en werkservaring.

2.1.6 Die vermoë om selfvertroue, eerlikheid, integriteit en inisiatief by jou werksplek aan die dag te lê.

2.1.7 Die nodige vaardigheid om binne jou pos inligting te versamel, jou werk deeglik te doen, en vooruit te dink.

2.1.8 Die roete wat geneem word wanneer 'n individu deur middel van verskillende posvlakke opbeweeg na meer senior poste.

2.1.9 'n Spesifieke vorm wat ingevul moet word wanneer daar om 'n vakante pos aansoek gedoen word.

2.1.10 'n Vergadering van twee of meer persone waar 'n potensiële werksgeleentheid bespreek word.

(10 × 1) (10)

2.2 Verduidelik die term *valensie*, uit die verwagtingsteorie. (3)

2.3 Gee VYF faktore wat probleemoplossing beïnvloed, en wat as 'n versperring kan dien wanneer probleme opgelos word. (5)

Kopiereg voorbehou

2.4 Maslow het 'n hiërargie van vyf vlakke geskep om verskillende soorte behoeftes te beskryf.

Noem die vlak wat die behoefte in elk van die afbeeldings hier onder weerspieël.

2.4.1



[Bron: *www.blogs.gcu.edu.com*]

2.4.2



[Bron: *www.livestrong.com*]

2.4.3



[Bron: *www.linkedin.com*]

2.4.4



[Bron: *www.guide-monte-escalier.net*]

2.4.5



[Bron: *www.awarenet.org*]

(5 × 2) (10)

2.5 Ons sosio-kulturele ervaring beïnvloed hoe ons leer sowel as wat ons leer.

2.5.1 Is die stelling hierbo waar of onwaar? (2)

2.5.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord in VRAAG 2.5.1.

(2 × 2) (4)

2.6 Noem EEN aktiwiteit vir elk van die volgende meervoudige intelligensies:

2.6.1 Logies-matematies ('Logical-mathematical')

2.6.2 Visueel-ruimtelik ('Visual-spatial')

2.6.3 Linguïsties

(3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Enaktiewe leer ('Enactive learning')	A	die teorie dat ons ons eie werklikheid konstrueer
3.1.2	Waarnemingsleer ('Observational learning')	B	die verstandelike ('mental') raamwerke wat ons help om inligting te organiseer
3.1.3	Klassieke kondisionering	C	voeg nuwe inligting by iets wat jy reeds weet
3.1.4	Assimilasie	D	leer van andere sonder om daarvan bewus te wees
3.1.5	Operante kondisionering	E	maak sin van nuwe inligting en neem dit in
3.1.6	Om voorbedagtheid ('forethought') te kan gebruik	F	leer uit wat ons in die omgewing sien en ondervind
3.1.7	Akkommodasie	G	leer uit die gevolge van ons eie gedrag
3.1.8	Skema ('Schema')	H	leer deur middel van positiewe of negatiewe versterking ('reinforcement')
3.1.9	Konstruktivisme ('Constructivism')	I	die verstandelik prosesse van begrip ('understanding')
3.1.10	Middellike leer ('Vicarious learning')	J	die vermoë om vooruit te dink en jou voor te stel wat in die toekoms kan gebeur
		K	'n situasie waar jy outomaties reageer sonder om te dink

(10 × 1) (10)

3.2 Verduidelik die *ekologiese teorie van leer*. (2)

Kopiereg voorbehou

3.3 Die volgende scenarios is voorbeelde van die teorie van maturasie ('maturation').

Identifiseer die benaderde ouderdom van die kind in elke scenario. Skryf slegs die ouderdom langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 Thabo het onlangs begin om beheer te kry oor sy bene en voete, en het begin praat.

3.3.2 Lizzy het sterk motoriese beheer oor haar groot spiere en hou daarvan om te huppel en te spring.

3.3.3 Shamela het onlangs woedebuie ('temper tantrums') begin kry en probeer om haar omgewing te manipuleer.

3.3.4 Ebrahem het begin om baie vrae te vra vir sy ma, en kan sommige take onafhanklik hanteer.

(4 × 2) (8)

3.4 In die afbeelding hier onder het vier sosialeleer-stappe ('social learning steps') (volgends Bandura) plaasgevind.

Noem, en verduidelik, hierdie VIER sosialeleer-stappe.



[Bron: *www.organissimo.org*]

(4 × 2) (8)

3.5 Gee TWEE redes hoekom dit belangrik is om 'n probleem te evalueer nadat jy die nodige stappe gedoen het om dit te probeer oplos. (2 × 2) (4)

3.6 Stel VIER maniere voor waarop 'n Graad 6-onderwyser motivering in sy/haar klaskamer kan verbeter. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in the ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die kognitiewe teorie is voorgestel deur (Jean Piaget/Urie Bronfenbrenner).

4.1.2 Die (sensomotoriese/pre-operasionele) stadium is wanneer kinders hulle sintuie gebruik om die wereld om hulle te verken.

4.1.3 Kreatiewe denke is 'n (divergente/lineêre) proses, waar ons ons verbeelding gebruik om na 'n wye reeks oplossings te soek.

4.1.4 Volgens Maslow se behoefteteorie is mense geneig om eerste in hulle (laer/hoër) behoeftevlakke te voorsien.

4.1.5 Die verwagtingsteorie is eerste deur (Albert Bandura/Victor Vroom) voorgestel.

4.1.6 Volgens die (maturasie-/gedrags-) teorie hang die manier waarop kinders groei en ontwikkel, van hulle genetiese samestelling af.

4.1.7 Kinders het volop (versperrings/geleenthede) nodig vir kreatiewe spel en kreatiewe denke.

4.1.8 Negatiewe versterkers word gebruik in 'n poging om ongewenste gedrag te laat (toeneem/afneem).

4.1.9 By die keuse van 'n loopbaan is dit belangrik dat die loopbaan by jou (persoonlikheid/omgewing) pas.

4.1.10 Die vermoë om iets uit persoonlike gevoelens en ervaringe te skep kan kinders se (emosionele/fisiese) vaardighede bevorder.

(10 × 1) (10)

4.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mev. Mdluli is 'n Graad 4-onderwyseres. Sy gee die afgelope 10 jaar onderwys by die Pot Plants Laerskool. Gedurende die kunsvlytperiode fokus sy heeltyd op die leerders se finale kunsvlytproduk en bied hulle nie die geleentheid om die proses te geniet om die kunswerk te maak nie. Mev. Mdluli hou van netheid te alle tye. Sy beloon die leerder wat die beste skepping het met 'n geskenkbewys vir die skool se snoepwinkel. Mev. Mdluli skryf altyd aan die leerders voor wat hulle tydens die kunsvlytperiode moet maak.

4.2.1 Identifiseer DRIE maniere waarop mev. Mdluli kreatiwiteit in haar klaskamer ontmoedig. (3 × 2) (6)

4.3 Verwys na die curriculum vitae wat as 'n BYLAE aangeheg is.

Identifiseer AGT foute wat gemaak is in die curriculum vitae. Skryf slegs die foute, genommer van 1–8, in die ANTWOORDBOEK neer. (8 × 2) (16)

4.4 Noem enige VIER versperrings wat kan verhoed dat jy jou eie probleme met betrekking tot kollege-werk oplos. Staaf jou antwoord deur EEN voorbeeld van elke versperring te gee. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende terme:

5.1.1 Kognitiewe proses

5.1.2 Horisontale loopbaanpad

5.1.3 Mikrostelsel

5.1.4 Bevoegdheid ('Competence')

5.1.5 Selfverwesenliking ('Self-actualisation')

5.1.6 Dinkskrum ('Brainstorming')

(6 × 2) (12)

5.2 'n SWOT-analise word gebruik vir strategiese beplanning. Dit help die organisasie om sy goeie aspekte sowel as sy swak aspekte te analiseer.

5.2.1 Skryf die volgende akroniem voluit:

S
W
O
T (4)

5.2.2 Die akroniem SMART word gebruik om doelwitte te stel.

Gee EEN relevante woord vir enige twee van die letters:

S
M
A
R
T (2)

Kopiereg voorbehou

5.3 'n Kind in die Graad R-klas kry woedebuie ('temper tantrums'). Dit het 'n daaglikse probleem geword en begin nou die ander kinders in die klas beïnvloed.

5.3.1 Watter soort gedragsmodifikasie kan met hierdie kind gebruik word? (2)

5.3.2 Gee TWEE praktiese voorbeelde van die gedragsmodifikasie wat jy gegee het in jou antwoord op VRAAG 5.3.1. (2 × 2) (4)

5.4 Die prente hier onder toon Pavlov se klassieke kondisioneringsteorie.

Kyk na die prente en herrangskik hulle in die regte volgorde. Skryf slegs die letters (A–D) in die korrekte volgorde in die ANTWOORDBOEK neer.



(4 × 2) (8)

5.5 Vuvu wil aansoek doen om 'n werk as kinderoppasser gedurende die Desembervakansie, sodat sy 'n bietjie sakgeld het wanneer sy volgende jaar universiteit toe gaan.

Help Vuvu om aan VIER vrae te dink wat moontlik tydens die onderhoud aan haar gevra kan word, en wat haar sal help om vir die onderhoud voor te berei.
(4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

VRAAG 4.3

CURRICULUM VITAE

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

NAAM: LAUREL WILLIAMS (ook bekend as LOLLY)

ID-NOMMER: 911012 0527 080

ADRES: NU 14- IN THE KASI

BESTUURSLISENSIE: KODE 8

TAAL: MY EIE EN DIE AMPTELIKE EEN

KONTAKBESONDERHEDE: 082 444 5555

ONDERWYS

SEKONDÊRE KWALIFIKASIE: EAGLES HOËRSKOOL

TERSIÊRE KWALIFIKASIE: UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
JAAR BEHAAL: 2013

WERKSONDERVINDING

MAATSKAPPYNAAM: DESREE WILLIAMS AND CO

POS: ONTVANGSDAME

VERANTWOORDELIKHEDE: BIOLOGIE-ONDERRIG AAN GRAAD 8

BELANGSTELLINGS

- PARTYTJIE HOU MET MY VRIENDE
- REIS

PERSONE MET WIE KONTAK GEMAAK KAN WORD

NAAM EN VAN: DESREE WILLIAMS

MAATSKAPPYNAAM: DESREE WILLIAMS AND CO

KONTAK: 082 444 5566

Kopiereg voorbehou